# AFDELING 1 – INHEEMSE SUID-AFRIKAANSE VOLKSGROEPE



*Khoekamp*[1]

## Hoofonderwerpe

- Inleiding tot die geskiedenis van Suid-Afrika
- Geskiedenis is ’n storie
- Die San van Afrika
- Die leefwyse van die San
- Soet lekkernye
- Kos en stamrolle
- Die geloof van die San
- Namatale
- Die Khoena van Afrika – mans van alle mans

VOORBEELD

[1] Foto: ISeeAfrica – CC BY-SA 4.0, https://commons.wikimedia.org/w/index.php?curid=64363514

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young

| **HULPBRONNE** | |
|---|---|
| **Verpligte hulpbronne** | ☐ *Agarob Kind van die Duine*, Jan van der Post |
| **Addisionele hulpbronne** | ☐ *Wadda van die Woestyn*, Cor Dirks |
| **Rolprente** | ☐ *The Gods Must Be Crazy* |
| **Kunswaardering** | ☐ *'n Khoikhoi-nedersetting in Tafelbaai*, Abraham Bogaert<br>☐ *Boesman Hottentotte Gewapen vir 'n Ekspedisie, 1804*, Samuel Daniell |
| **Musiekwaardering** | ☐ *Dis 'n Land*, Carike Keuzenkamp |
| **Poësiewaardering** | ☐ *Die Doringboom*, C. Louis Leipoldt |
| **Kopieerwerk** | ☐ Deuteronomium 18:19<br>☐ Handelinge 17:26 |
| **Uitstappies** | ☐ Camissa Museum by die Kasteel de Goede Hoop – Kaapstad<br>☐ Weskus Fossielpark – Wes-Kaap<br>☐ Boesmanskloof, Clanwilliam, Cederberg – Wes-Kaap<br>☐ Weskus Rotskunsroete, Citrusdal – Wes-Kaap<br>☐ Blombosgrotte – Stilbaai, Wes-Kaap<br>☐ Pinnacle Point – Mosselbaai, Wes-Kaap<br>☐ Die Koninkryk van Mapungubwe – Limpopo<br>☐ Richtersveld – Noord-Kaap<br>☐ Wonderwerkgrotte – Noord-Kaap<br>☐ Wildebeestkuil Rotskunssentrum – Barkley-Wes, Noord-Kaap |

VOORBEELD

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young

| | |
|---|---|
| | - Vredefortkrater – Vrystaat<br>- Kaditshwene – Noordwes<br>- uKhahlamba Drakensberg Park – KwaZulu-Natal<br>- Melville Koppies – Johannesburg, Gauteng<br>- Die Wieg van die Mensdom – Johannesburg, Gauteng[2] |

## VERPLIGTE HULPBRONNE

**Agarob, Kind van die Duine**, Jan van der Post
Gebaseer op die skrywer se eie ervarings en wedervarings met die San tussen 1944 en 1946. Dit handel oor 'n seuntjie wat saam met die San beweeg en leer van jag en spoorsny.

## ADDISIONELE HULPBRONNE

**Wadda van die Woestyn**, Cor Dirks
Wadda, die woestynkind, is as driejarige seuntjie deur sy Sanpleegouers gevind, ná 'n skipbreuk op die strand in die Namibwoestyn. Die lewe saam met die San het van hom 'n ware natuurkind gemaak. Die verhaal neem 'n onverwagse wending wanneer Wadda 'n soekgeselskap, op soek na legendariese skatte, teëkom en uitvind waar hy waarlik vandaan kom.

## ROLPRENTE

**The Gods Must Be Crazy**
'n Sanstam word gekonfronteer met 'n voorwerp wat hulle vreedsame bestaan ontwrig wanneer 'n glasbottel uit die lug val. Xi glo die regmatige eienaar daarvan is die gode en besluit om die voorwerp aan hul terug te gee. Die humor wat grootliks te make het met kulturele verskille bied 'n vermaaklike storie, maar sal jou ook interessante perspektiewe gee om oor te debatteer en te bespreek.

[2] Lees eers *Skepping teenoor evolusie* in die aanhangsel.

VOORBEELD

# KUNSWAARDERING

In hierdie afdeling gaan julle die volgende kunswerke bestudeer:



**’n Khoikhoi-nedersetting in Tafelbaai** deur Abraham Bogaert

**Boesman Hottentotte gewapen vir ’n ekspedisie, 1804** deur Samuel Daniell

Charlotte Mason het die kuns op ’n gebalanseerde manier benader en gereeld vir haar studente die tyd ingeruim om die kuns van ander te waardeer, sowel as hulle eie kuns te ontwikkel. Ons kan dieselfde doen ongeag ons eie artistieke vermoëns.

Terwyl julle deur hierdie eerste afdeling werk, moedig ons jul aan om die spesifieke kunsafdruk êrens in jul huis te vertoon waar dit sigbaar sal wees. Op die regte tyd sal ons jou aanwysings gee om die kunswerk met jou kinders te bespreek. Daar is ook agtergrondinligting oor die kunstenaar en soms ’n verwante kunsaktiwiteit.

VOORBEELD

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young

## MUSIEKWAARDERING

Skakels na musiek vir musiekwaardering is beskikbaar op die kursuswebwerf.
In hierdie afdeling sal jy na die volgende liedjie luister:

***Dis 'n Land***, Carike Keuzenkamp



Carike Keuzenkamp is 'n bekende Afrikaanse sangeres. Haar regte naam is Elizabeth Maria Magdalena van Zyl.

Die Suid-Afrikaanse Musiektoekennings is 'n jaarlikse seremonie waartydens Suid-Afrikaanse musikante met pryse vereer word. In 2010 het Carike 'n SAMA[3] vir haar lewenslange bydrae tot plaaslike musiek ontvang. Carike is bekend vir liedjies soos *Timothy*, *Byeboerwa*, *Hoeka Toeka* en *Dis 'n Land*. Van haar gewildste kinderliedjies sluit in *Heidi* en *Daantjie Kat*.

## BYBELSTUDIE

**Dapperheid**
Hierdie afdeling fokus op dapperheid: die dapperheid van die Portugese ontdekkers om, ondanks hul bygelowe, nuwe lande te ontdek; die dapperheid van die Khoena om hul vyande en die Europeërs in die gesig te staar en uiteindelik die dapperheid wat die helde van ons verhale vir ons wys in die verskillende situasies waarin hulle hulself bevind.

Daar is baie voorbeelde van dapper leiers, mans sowel as vroue, in die Bybel. Hulle dapperheid het hulle gekry uit hul geloof in God. Kies een van die volgende karakters om oor te lees en te bespreek:

- Ester se dapperheid voor koning Ahasveros (Die boek van Ester)
- Debora se dapperheid om te gaan veg (Rigters 4)
- Josua verower die stad Jerigo (Josua 6)
- Ragab steek die twee spioene weg (Josua 2)
- Daniël se moed in die leeukuil (Daniël 6)
- Sadrag, Mesag en Abednego in die vuuroond (Daniël 3)

Die volgende is goeie vrae om te oorweeg wanneer julle enige leier bestudeer:
Waarom is hy of sy 'n voorbeeld van 'n goeie leier? Gee redes hoekom hierdie leier 'n voorbeeld van 'n goeie leier is deur te verduidelik hoe hy of sy:

[3] SAMA - South African Music Awards

VOORBEELD

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young

1. luister na mense;
2. ’n dienaar van die volk is en werk tot voordeel vir ander;
3. saam met ’n span werk;
4. moed behou;
6. toegewyd en heelhartig verbind is tot sy/haar oortuigings; en
7. bereid is om iets op te offer of prys te gee ter wille van ander.

**Bybelgeheuevers**

*Wees waaksaam, staan vas in die geloof, wees manhaftig, wees sterk.* ~ 1 Korinthiërs 16:13

## KOPIEERWERK

Volg die volgende drie eenvoudige stappe om kopieerwerk te doen:



**Stap 1**: Gee die Bybelvers vir die kind om op te soek in die Bybel. Laat die kind goed oplet na die spelling van moeilike of nuwe woorde en enige leestekens.

**Stap 2:** Laat die kind die vers kopieer. Fokus op kwaliteit, nie kwantiteit nie. Jy wil ’n gewoonte van goeie handskrif vaslê.

**Stap 3:** Laat die kind sy skryfstuk vergelyk met die vers in die Bybel en regmaak waar nodig.

*En van die persoon wat nie luister na my woorde wat hy in my Naam sê nie, sal Ek self rekenskap eis.* ~ Deuteronomium 18:19

*Uit een mens het Hy al die nasies van die mensdom gemaak om die hele aarde te bewoon. Hy het vir hulle vasgestelde tye gegee en die grense van hulle woongebied bepaal.* ~ Handelinge 17:26

VOORBEELD

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young

# INLEIDING TOT DIE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA

**NOTA AAN OUERS**

*Sommige van die verhale en gedigte wat in hierdie kurrikulum ingesluit is, gebruik verouderde terme wat huidiglik as etniese beledigings beskou word – woorde soos Khoikhoi, Hottentot, Boesman en een boek gebruik selfs die woord Kaffer. Hierdie bronne is geskryf in 'n tyd toe hierdie woorde as gepas beskou is en die feit dat dit nou nie meer aanvaarbaar is nie, maak hiervan 'n belangrike les.* ***Geen disrespek of oortreding word bedoel nie.*** *Ons beveel aan dat jy dit met jou kinders bespreek en dan enige aanstootlike of taboewoorde vervang met moderne alternatiewe wat meer aanvaarbaar is, soos Khoena, San of swart persoon.*

*Gebruik asseblief jou eie diskresie wanneer jy kies watter boeke jy vir jou kinders moet lees. As 'n kontroversiële saak of moeilike situasie opduik, gebruik dit as 'n besprekingspunt met jou kinders en praat oor waarom dit die geval is. In plaas daarvan om histories sensitiewe kwessies "uit te kanselleer" en te sensureer, moet ons probeer om daaruit te leer. Die geskiedenis is vol vooroordeel en partydigheid en om te leer om dit te erken, is noodsaaklik.*

Welkom by die storie van Suid-Afrika se eerste paar honderd jaar. Ons verhaal sal eers begin met 'n oorsig van die inheemse stamme wat in Suid-Afrika gewoon het terwyl die Europeërs en ander nasies die bekende wêreld en die vasteland van Afrika verken het. *Inheems* verwys na mense, diere of plante wat natuurlik in 'n gebied woon. In die geval van mense verwys dit na diegene wat al eeue daar woon, voordat mense van ander lande na hul land gekom het. Europeërs was mense van die vasteland van Europa. Kan jy Europa op die aardbol vind?

Daar is nie 'n land in die wêreld waarin bloed nie op die land gestort is nie as gevolg van een stam of een kultuur wat geveg het om 'n ander te oorheers. Die meeste politieke grense op 'n wêreldkaart is deur geweld vasgestel. Suid-Afrika is geen uitsondering nie!

Politiek sowel as ekonomie het die geskiedenis van Suid-Afrika gevorm – of moet ons dit meer reguit sê? Die behoefte na mag en rykdom was belangrike faktore wat gebeure in Suid-Afrika beïnvloed het. Bloedige gevegte, slawerny, kolonialisme, klasverdeling, die stryd om weg te kom van koloniale regering, kontrakarbeid, rassevooroordeel en oorlog is maar enkele van die gewelddadige kwessies wat in fokus sal kom terwyl ons hierdie era bestudeer.

As jy nie weet wat al die woorde beteken nie, moenie bekommerd wees nie; jy sal binnekort daaroor leer.

VOORBEELD

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young

## Waarom moet ons die stryd van die geskiedenis bestudeer?

George Santayana, ’n Spaanse filosoof, het gesê: *“Those who cannot remember the past are condemned to repeat it.”*

Die geweld van die geskiedenis, hoewel dit baie skokkend is, is nie toevallig nie. Daar is ’n siklus in die geskiedenis wat van die begin af gesien kan word – ’n nasie styg, dit onderdruk ander in daardie land, daar is ’n rewolusie, die slagoffers word die heersers en onderdruk dan weer ander. Dit is ’n duidelike patroon gedurende die 6 000 jaar sedert God die aarde geskep het en die mensdom daarop leef.

In hierdie program sal jy ontdek dat stamme van alle kulture eeue lank teen mekaar oorlog gevoer het sodat hulle grond kon beset, die beste weiveld vir hul kuddes kon kry en toegang tot goeie waterbronne kon hê. Toe die Portugese, Nederlanders, Franse en Britte hier aangekom het, het die siklus voortgegaan namate die een die oorhand oor die ander gekry het.



*Outydse aardbol*

Hoekom is dit dat nasies so met mekaar veg? Wel, namate jy die verhaal van Suid-Afrika se vroeë geskiedenis leer, sal dit vir jou duidelik word dat daar nie net boosheid in die mens se harte is nie, maar dat daar hoop is vir die mensdom wat gevind kan word in die karakter van die alomteenwoordige Jesus Christus.

Jy gaan diep in die storie van ons land se vroeë jare saam met ’n baie nuuskierige tweeling en hul geduldige, liefdevolle ouma inspring terwyl sy die kinkels en draaie van ’n ingewikkelde

VOORBEELD

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young

nasie verduidelik wat bestaan uit mense met verskillende oortuigings, rassegroepe en maniere van dinge doen. Is jy gereed? Kom ons begin.

## Geskiedenis is ’n storie

"Ouma, wat is daardie sak ou briewe wat daar op Ouma lessenaar lê? Ek kan nie eens daardie outydse handskrif lees nie!" Lana roep na haar ouma terwyl sy haarself op die rusbank in die sitkamer van haar ouma se huisie neerplons. Elke Vrydag gaan sy en haar tweelingbroer, Jacques, by hul ouma kuier, terwyl hul ma hulle ouer suster, Lisa, na haar vioolles in die nabye omgewing neem.



*Ouma Stella se sak ou briewe*

Ouma Stella het vroeër in haar lewe geskiedenis en aardrykskunde gegee in die skool, maar sy het graag stories en werklike ervarings gebruik om die leerwerk "lewendig" te maak. Alhoewel sy nie haar eie kinders in die 1970's en 80's tuis kon onderrig nie, het sy hulle in elk geval – soveel as wat sy kon – ná skool tuisonderrig gegee deur hulle na plekke van belang te neem wanneer sy kon. Haar kleinkinders het gou agtergekom dat hul ouma daarvan hou om haar liefde vir geskiedenis en vir Suid-Afrika te deel.

"Jou ma het my gevra om julle twee deur die vroeë geskiedenis van Suid-Afrika te neem," antwoord ouma Stella, "en ek het gedink dat in plaas daarvan om jul net te vertel wat my geskiedenishandboeke sê, ek eerder wil probeer om julle ’n meer persoonlike verslag te gee deur ’n paar perspektiewe van jul voorouers, wat self deur die tydperk geleef het, met julle te deel. Anders as die moderne generasie, wat hoofsaaklik foto's en selfies gebruik om die belangrikste gebeure in hul lewens – en selfs die kattekwaad wat hulle aanvang – op te teken, was vorige geslagte, veral die goed opgevoede, baie ywerig om oor hul lewens te skryf en dagboeke daarvan te hou. Geskiedkundiges verwys na hierdie persoonlike rekords van die geskiedenis as primêre hulpbronne.”

Toe die tweeling deur die sak briewe begin vroetel, het ouma Stella voortgegaan en gesê: "Ons was geseënd om verskeie briewe van familielede te hê wat deur die eeue oorgedra is. Ek het gevind dat ek ook ’n dagboek en ’n paar ou foto's van die familie gehad het. Ek het deur hulle gekyk om te sien hoe hulle inpas by die geskiedenis waaroor ons oor die volgende ruk gaan praat."

VOORBEELD

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young

Jacques, die meer impulsiewe een van die tweeling, het ’n bietjie twyfelagtig gelyk oor die gedagte om na sy ouma te luister wat ou briewe gaan lees en gesê: "Maar Ouma, ons familie was nie die eerste mense in Suid-Afrika nie, daar was mos ander voor ons, nie waar nie?"

"Heeltemal reg, Jacques! Soos jy weet, het daar ’n menigte inheemse stamme in Suid-Afrika gewoon voordat die Europeërs hulle voete op die land gesit het. Ons sal nie van almal kan leer nie, maar kom ons fokus eers op sommige van hulle. As daar ander is waaroor jy graag wil leer, kan jy tuis verder ondersoek instel.

“Ons weet dat die eerste mense wat in ons land rondgedwaal het, ’n nomadiese leefstyl geleef het."

"Nomadies? Wat beteken dit, Ouma?" onderbreek Jacques weer en kyk van die tafel af op waar hy en Lana van die briewe versigtig verwyder om na die pragtige handskrif te kyk terwyl hulle luister. Ouma Stella beantwoord sy vraag en vervolg:

"Nomades was mense wat van plek tot plek gereis het om goeie jag- of weiveld vir hul diere te vind en hulle het geen permanente tuiste gehad nie. Eintlik praat mense deesdae ook van digitale nomades. Dit is mense wat aanlyn werk sodat hulle oral in die wêreld kan rondreis en woon!

"Maar ons eerste Suid-Afrikaanse nomades was jagter-versamelaars, wat eenvoudige lewens in ’n gemeenskap geleef het. Hierdie gemeenskappe sou die kuddes volg wat in verskillende seisoene na verskillende gebiede verhuis het. Later het sommige stamme veewagters geword. Terwyl hulle gereis het, het hulle ook spore van hul lewens agtergelaat.



*San-rotskuns, Cederberg, Wes-Kaap*

"Grotkuns is regoor ons land versprei en vertel ons van hul oortuigings, jagtogte en gemeenskaplike lewens. In die verlede is hierdie dwalende mense Boesmans genoem en later is korrek na hul inheemse name verwys: San en Khoena (of Khoe wanneer dit as byvoeglike

VOORBEELD

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young

naamwoord of enkelvoudsvorm gebruik word). Baie van diegene wat deur die koloniste 'Boesmans' genoem is, was in werklikheid Khoena.

"Die Khoena en San is verder en verder suid gedwing deur die Bantoe (ons bespreek hulle so bietjie later). Hulle het in groepe gelewe in Sentraal- en Wes-Afrika. Teen die tyd dat die Portugese om die Kaap van Storms gereis het, in 1488, was die Khoena reeds daar en het hulle begroet. Later, toe ’n Nederlander genaamd Jan Van Riebeeck in 1652 in die Kaap aangekom het om ’n verversingstasie vir skepe te vestig, was dit die Khoena met wie sy manne oor die land gebots het ... maar ons sal later by dit alles uitkom."

**Lees**


***Agarob Kind van die Duine***, Jan van der Post
Hierdie verhaal handel oor ’n seuntjie wat saam met die San beweeg en leer van jag en spoorsny.

**Addisionele hulpbron**

***Wadda van die Woestyn***, Cor Dirks
Wadda, die woestynkind, is as driejarige seuntjie deur sy Sanpleegouers gevind, ná ’n skipbreuk op die strand in die Namibwoestyn.

**Kunswaardering**

**’n Khoikhoi-nedersetting in Tafelbaai** deur Abraham Bogaert, gepubliseer in *Historische Reizen*, 1711



VOORBEELD

Die kunstenaar Abraham Bogaert (1663-1727) was ’n Nederlandse apteker, skrywer en digter wat ’n groot rol gespeel het in die rebellie van die Vryburgers teen die regering van goewerneur Willem Adriaan van der Stel, waaroor jy in ’n komende hoofstuk meer sal leer. Bogaert het wyd gereis in diens van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie en het later ’n verslag van sy reise langs die Asiatiese kus gepubliseer.

Hy het die Kaap besoek in Julie 1702 op pad na Batavia, waar hy die hoofgeneesheer en later ’n handelaar was. Met sy terugkeer na Holland betree hy weer die Kaap in 1706 en neem in dieselfde jaar die beroemde petisie van Adam Tas teen die regering van Willem Adriaan van der Stel na Holland. As kunstenaar het hy tydens sy besoeke verskeie Kaapse tonele geteken.

In die era voor fotografie was sketse, graveerkuns en skilderye die enigste manier waarop tonele van mense, diere en landskappe vasgelê kon word.

- Watter deel van die foto trek eerste jou aandag en in watter lettervorm dwaal jou oog deur die prentjie? (Dalk ’n Z-vorm?)
- Kyk hoe lig en donker, lyne en skaduwee of skaduwees gebruik word om die voorgrond, middel- en agtergrond van die prentjie te skei.
- Watter berg dink jy vorm die agtergrond van die prentjie? Dink jy dit is goed geteken?
- Bestudeer die besonderhede van elke groep mense en diere op die foto. Daar is heelwat aksie! Jy sal dalk geskok en verbaas wees om te sien dat lug deur die anus van die koei aan die linkerkant geblaas word om die melkproses te help.
- Kan jy die groot diere in die middel van die prentjie identifiseer?
- Probeer self om ’n Khoehut te teken asook sy skadu om dit afgerond te laat lyk, soos die hutte in Bogaert se skets.

**Die San van Afrika**

Ouma Stella en die tweeling het kombuis toe geskuif waar die kinders klei uitgehaal het om mee te speel terwyl hul ouma haar stories vertel. Hulle gaan sit by die kombuistafel terwyl sy voortgaan: "Onthou julle ’n paar jaar gelede toe ons almal in die Cederberg gaan kamp het en ons daardie baie lang, warm staptog na die grotte gehad het om na die Sanrotstekeninge te kyk?"

Die kinders knik en Jacques voeg by: "Ek onthou hoe ek al die pad gekerm en gekla het. Ek dink ek het dit nogal onaangenaam gemaak vir almal, maar toe ons by die grot kom en daardie tekeninge sien, was dit die moeite werd. Toe moes ons al die pad terugloop. Ek is bly dat Ma en Pa nie moed opgegee het om my na sulke plekke te neem nie, want ek is nou baie lief vir stap."

VOORBEELD

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young



*Stadsaalgrotte, Cederberg, Wes-Kaap*

"Sanskilderye en graveerkuns kom in die hele Afrika voor, nie net in die Cederberg nie, en dit beteken dat hierdie mense eens op baie plekke regoor die vasteland rondgedwaal het. Die rotstekeninge onthul aspekte van hul lewens, soos jag en kamplewe, die versameling van heuning en plantvoedsel.

"Argeoloë en antropoloë wat bestudeer hoe mense in die verlede geleef het, glo dat die meeste Sankuns 'n godsdienstige interpretasie het.

"Alhoewel hulle nomadies was, het verskillende groepe binne spesifieke gebiede gebly. Hulle sou volgens die seisoene binne hul rofweg afgebakende gebiede rondbeweeg op soek na wild en water. Hulle was baie besitlik oor hul watergate en sou selfs 'n persoon vanuit 'n ander stam wat oortree en hul water sonder toestemming geneem het, doodmaak.

"Met verloop van tyd het ander Afrikastamme en wit setlaars in die San se tradisionele jaggebiede begin intrek. Sommige het by hulle gewoon en ander het verder wes en noord getrek in hul soeke na 'n stuk grond waar hulle op hul tradisionele manier kon woon.

"Vandag kom die San voor in die Noordwes, Kalahari, Namibië en Botswana. Deesdae is die San minder nomadies as wat hul voorgeslagte was.

Sal ons op die kaart gaan kyk om te sien waar die plekke geleë is, kinders?" vra ouma Stella, terwyl die kinders loer om te sien waarheen sy wys. Sy het haar storie voortgesit.

## Die leefwyse van die San

"Die San is baie klein van postuur, fyn gebou met 'n geel velkleur en peperkorrelhare. Hulle is geneig om hartvormige gesigte te hê, met fyn gelaatstrekke. Die ouer garde het gewoonlik baie plooie wat veroorsaak word deur die ongenaakbare Afrikaklimaat."

VOORBEELD

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young

“Peperkorrelhare, Ouma?” val Lana haar in die rede. “Dit is ’n vreemde manier om hare te beskryf!”

"Ek veronderstel dit is, noudat jy dit noem, Lana, maar dit is altyd hoe mense dit beskryf het. Ek wonder of daardie term deesdae nog aanvaarbaar is. Jy moet dit aanlyn opsoek. Jy weet, in die verlede was daar baie woorde wat deur blankes gebruik is om ander kulture te beskryf wat nou polities verouderd is of selfs as onbeskof en rassisties beskou word. Dit is ’n belangrike les om te leer, veral as ons na Suid-Afrika se wisselvallige geskiedenis kyk.

"Soos ek vroeër genoem het, het die setlaars aan die Kaap die San as Boesmans beskryf en die Khoena is Strandlopers en Hottentotte genoem, maar hierdie woorde is nie meer die aanvaarde terme vir hierdie kultuurgroepe nie.

"Ek kan my voorstel dat die kwessie van haarklassifikasie deesdae ook ’n sensitiewe saak sal wees, want tydens apartheid was dit een van die maniere waarop mense in verskillende rassegroepe ingedeel is – die potloodtoets."

"Die potloodtoets?" roep die tweeling albei saam uit en kyk dan na mekaar en giggel. "Wat was dit, Ouma?"

"Die potloodtoets het behels dat ’n potlood of pen deur die persoon se hare gegly moes word indien hul onseker was van sy rassegroep. As die potlood op die vloer geval het, het die persoon geslaag en is as wit beskou. As dit egter vasgesit het, was die persoon se hare as te krullerig beskou om wit te wees en die persoon is as nie-wit geklassifiseer. Dit het verwoestende gevolge vir sommige gesinne gehad, maar ons sal apartheid en die gevolge daarvan op ’n latere stadium bestudeer wanneer ons by die geskiedenis van die 21ste eeu kom. Laat ek vir eers terugkom om julle meer te vertel van die San se leefwyse."

Ouma Stella het hul aandag teruggelei na die oorspronklike onderwerp:

“Omdat die San nomadies is, bou hulle hul hutte met gras. Takke word in die grond geplant en met die bas van knoppiesdoringbome vasgebind. Die mans in die groep plant gewoonlik die takke en bou die raamwerk, terwyl die vrouens die gras versamel en die hut in lae dek. Die voltooide hut is redelik warm, wat noodsaaklik is in die Kalahari waar die temperatuur, sodra die son sak, baie vinnig en baie skerp kan daal. Die hutte is ook waterdig en bied skuiling teen storms in die reënseisoen. Hutte word gewoonlik in ’n sirkel rondom ’n sentrale vuurput gebou, wat dan dien as die bymekaarkomplek van die gemeenskap.

"Slaapplekke word gewoonlik uitgehol in die sand en word met gras- en velkarosse bedek. Dit dien as beskerming teen die koue. Die San het nie baie huishoudelike besittings nie. Hulle enigste klere is velkarosse, skede-lappies en voorskote. Die semi-nomadiese leefwyse, waar hul baie rondtrek, maak dit onprakties vir hulle om ’n klomp besittings op te gaar en saam te dra.”

"Hmm ... Ouma, wat is ’n karos?" vra Lana.

VOORBEELD

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young

Ouma Stella lag vir haarself en besef dat sy woordeskat gebruik wat buite haar kleinkinders se verwysingsraamwerk val. "Jammer, Lana, laat ek dit beter verduidelik ... ’n karos is ’n mantel van skaapvel of die vel van ander diere waarvan die hare nog daaraan vas is en word gebruik as ’n mantel of ’n kombers vir die San."



*’n Sanman demonstreer hoe om met ’n pyl en boog te jag.*

VOORBEELD

Nadat sy die kinders se handewerk bewonder het, het ouma Stella voortgegaan met haar storie: “Die Sangemeenskappe trek gewoonlik saam met die seisoene – opsoek na kos en water – maar hulle sal ook oppak en trek wanneer iemand te sterwe kom of as daar ’n ernstige ongeluk op ’n bepaalde plek was. Hulle sal nie weer terugkeer na daardie spesifieke area voordat die graf of die gebeurtenis deur almal vergeet is nie.



*Skerpioen*

"Die mans se rol in die gemeenskap is om te gaan jag en vleis vir die groep te voorsien. Hulle is besondere goeie jagters en uitstekende spoorsnyers. Verskillende gemeenskappe gebruik verskillende bestanddele om gif te vervaardig wat hulle aan die punte van hul jagpyle smeer. Party van hulle gebruik die gif van skerpioene en spinnekoppe, terwyl ander weer die sap van spesifieke plante gebruik. ’n Dodelike konkoksie word gemeng wat, sodra dit die bloedstroom ingaan, stuiptrekkings, bloeding en verlamming veroorsaak, wat ’n uitgerekte en pynlike dood tot gevolg het.”

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young

"Ouma, Ouma," spring Jacques op en af om haar aandag te trek, "ek het ’n artikel in die koerant gelees oor Sanspoorsnyers wat deur die polisie ingeroep word om misdadigers vas te trek. Buite in die veld kan hulle fyn tekens soos ’n gebreekte takkie, ’n graspol waarop daar getrap is of ’n verskuifde klippie raaksien en die spore van ’n gesoekte persoon volg. Hul vaardighede help die polisie regtig baie!"

"Dis reg, Jacques. Hulle gee aandag aan baie fyn besonderhede – ’n uitstekende vaardigheid wat ons almal moet probeer ontwikkel," het ouma Stella geantwoord en weer voortgegaan.

"Die San het ook ’n interessante bygeloof oor jag en verkleurmannetjies. Hulle glo dat as ’n verkleurmannetjie oor iemand se boog kruip, die eienaar daarvan geluk sal hê met die jagtog! Die San jag ’n verskeidenheid bokke, maar kameelperde, vlakvarke en slange word ook gejag en in wippe gevang. Die mans jag gewoonlik in groepe, soek eers spoor en besluit dan op watter dier hulle gaan jag maak.

"Sodra ’n dier geskiet is, word die dier gevolg oor ’n groot afstand tot dit uiteindelik vrek. Die San is bekend vir hulle uithouvermoë wat hul in staat stel om selfs vir dae aaneen die spoor van diere te volg. Die San sal ook nooit op meer kos jag maak as wat hulle nodig het vir hul eie oorlewing nie. Hulle leef in totale harmonie met die natuur en sal nie die delikate ekologiese balans van die omgewing waarin hul woon, versteur nie. Wanneer wild skaars is, breek die jagters dikwels op in kleiner groepies op soek na kos. Na ’n suksesvolle jagtog sal daar saam feesgevier, gesing en gedans word in ’n beswymingstipe ritueel om die vuur.

Op daardie noot, kom ons maak tee en eet self iets," het ouma Stella voorgestel en haar kombuiskas oopgemaak om haar mooi porseleinteestel uit te haal vir hul weeklikse ritueel.



*Ouma Stella se teestel*

VOORBEELD

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young

**Opdragte**

**Storievertelling – Jou familie en kulturele erfenis**

Die Khoena en die San was, soos die meeste ander kultuurgroepe, groot storievertellers en baie verhale (en bygelowe) is van een geslag na ’n ander oorgedra, gewoonlik snags om ’n kampvuur. Baie was verhale van groot jagtogte. Weet jy van enige stories, avonture en wedervaringe van jou gesinslede?

Beplan ’n gesinsaand vir storievertelling en begin stories versamel. Nooi jou grootouers, tannies en ooms as jy kan. Jy kan verhale neerskryf of die storievertellers vra om ’n stemopname op ’n slimfoon te maak. Blaai deur ’n familiefoto-album en herleef herinneringe wat verby is.

**Erfstukke**

Erfstukke is items wat in ’n gesin van een geslag na die volgende oorgedra word. Het jy erfstukke in jou familie? Het jy enige spesiale items wat jy graag wil hê jou kinders eendag moet erf?

**Skryf briewe**

As jou grootouers ver woon, sal hulle sekerlik verheug wees om van hul kleinkinders te hoor. Skryf vir hulle ’n brief of teken ’n prentjie en stuur dit op die outydse manier deur van die plaaslike posdiens gebruik te maak. Jy kan dit ook skandeer en e-pos, maar ’n brief in die pos is altyd ’n welkome verrassing.

**Spoorafdrukke van diere**

Soek ’n goeie, duidelike spoor om te gebruik. Kyk in sagte modder naby waterbronne, klam sand en ander soortgelyke oppervlaktes om spore in te vind – selfs al is dit ’n gewilde hondestapplek. Die idee is om ’n bietjie praktiese pret te hê. Verwyder enige blare of stokke versigtig wat in die spoor geval het, maar moenie probeer om stokke of blare wat in die spoor saamgepers is, te verwyder nie. As jy dit verwyder, sal dit die spoorvorm beskadig. Jy kan dit later uit die gips verwyder.

Jy benodig:

- water
- gips
- ’n ferm strook karton
- papierskuifspeld of “bulldog clip”
- houer om jou gips in te meng

Gebruik jou strook karton om ’n muur om die spoor te bou. Hou dit in plek met die skuifspeld en wees versigtig om nie die spoor te beskadig nie. Druk die karton liggies in die grond in sodat die gips nie onder dit sal deurloop en uitlek wanneer dit ingegooi word nie.

VOORBEELD

*—Einde van uittreksel —*

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young

# AFDELING 1 – OPDRAGKONTROLELYS

Ons beveel aan dat elke kind die volgende doen:

- Voltooi al die kaartwerk en tydlynaktiwiteite.
- Skryf ten minste een resensie oor 'n boek wat in hierdie afdeling gelees is.
- Voltooi ten minste vier ander opsionele opdragte wat deur die hoofstuk versprei is.

**Verpligte opdragte**

- ☐ Kaartwerk – Hedendaagse San- en Khoenedersettings
- ☐ Tydlyn en prentjieskyfies
- ☐ Boekresensie
- ☐ Kopieerwerk – Deuteronomium 18:9
- ☐ Kopieerwerk – Handelinge 17:6

**Opsionele opdragte**

- ☐ Storievertelling – Jou familie en kulturele erfenis
- ☐ Erfstukke
- ☐ Skryf briewe
- ☐ Spoorafdrukke van diere
- ☐ Maan- en Gregoriaanse kalenders
- ☐ Bygelowe en voortekens
- ☐ Fases van die maan met koekies
- ☐ Maak 'n modelhut
- ☐ Verhaal oor 'n Khoe
- ☐ Tradisionele kos
- ☐ Skryf 'n mite
- ☐ Rotskuns
- ☐ Medisinale plante
- ☐ Taalkuns – 'n Boeiende held?

**Kunswaardering**

- ☐ 'n Khoikhoi-nedersetting in Tafelbaai deur Abraham Bogaert
- ☐ Boesman Hottentotte Gewapen vir 'n Ekspedisie deur Samuel Daniell

**Musiekwaardering**

- ☐ Dis 'n Land, Carike Keuzenkamp

**Poësiewaardering**

- ☐ Die Doringboom, C. Louis Leipoldt

**Uitstappies en rolprente**

VOORBEELD

Kopiereg © Shirley Erwee & Wendy Young